



Sondaginkopies

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ek het grootgeword in 'n tyd toe net die garage, groentewinkel en kafee op 'n Sondag oop was. Dit was 'n verleentheid om na kerk te sien dat mense in kerklere by die kafee stop vir die Sondagkoerant en sigarette, of hoe kerkmense by die groentewinkel uitkom met vars groente vir die Sondagmaal. 'n Mens dryf nie handel op 'n Sondag nie, en dit doen afbreuk aan ons Christelike getuienis as ons Sondae koop en verkoop.

Tog moet ek bysê dat ds Wynand de Beer, die predikant van my vormingsjare, ons geleer het dat die sabbatsgebod nie soseer werk en allerlei ander dinge op die Sondag verbied nie. Nee, die Sondag is eerder 'n vreugdevolle dag waarop jy die tyd en geleentheid het om die erediens by te woon, barmhartigheid te betoon aan mense in nood, tyd te maak vir jou familie en eensame mense, en te rus. As jy dit alles gedoen het en daar bly tyd oor, kan jy daarmee doen wat jy wil, het hy gesê. En onthou: Deur nie op Sondae besigheid te doen nie, gee jy vir winkelpersoneel dieselfde geleentheid. Die gevolg is dat ek tot vandag toe nog probeer om nie op Sondae in die winkels te kom nie.

Verlede week kry ek egter die SMS dat ek Sondag my tweede inenting teen die Covid-19-virus by ons plaaslike apteek kan kry. Ek ry dus direk na kerk soontoe. By die apteek aangekom, blyk dit egter dat hulle slegs in die week inentings doen.

Maar die man by die deur wat ons temperatuur neem en ons hande met saniteermiddel spuit, sien my klere en vra: *Was jy nou by die kerk? Ja*, antwoord ek, *dit was lekker om vir die eerste keer sedert die verslapping van die inperkings weer kerk toe te gaan.*

Wat was die boodskap vanoggend? vra hy my. Ons predikant het uit Matteus 15 gepreek, antwoord ek, oor die Kanaänitiese vrou met die siek dogter wat na Jesus gekom het en Hom gesmeek het om Hom oor haar te ontferm. Jesus sê toe vir haar dat Hy na die verlore skape van Israel gestuur is en dat 'n mens nie die kinders se brood vat en vir die honde gooi nie. Maar sy reageer en sê vir Hom: "Maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval."

So, sê ek vir die deurwag, is die evangelie van Jesus Christus nie net vir die Jode bedoel nie, maar vir elkeen van ons wat in Hom glo. Wonderlik, antwoord hy. Prys die Here.

En so kry ek onverwags die geleentheid om die krummeltjies van ons gemeente se erediens te deel met 'n medegelowige wat op 'n koue Sondag by die apteek moet werk, maar wat eweneens smag na die genade van die Here vir alle mense. Nóg die dominee nóg ek kon vooraf weet hoe die Heilige Gees dié Sondag se boodskap wil gebruik!

Dit het my weer laat dink oor mense met kerklere in die winkel op 'n Sondag – wat vandag dalk juis 'n getuienis is, en wat dalk net die deur oopmaak vir onverwagse getuienis en geloofsgemeenskap.

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris, Kommissie van die AKV

Lief en leed

- Ds David Barnard (Magaliesmoot) se moeder, **mev Mymie Barnard** (83), is Saterdag 14 Augustus oorlede weens Covid-19. Die roudiens op Maandag 23 Augustus is waargeneem deur ds Dries Beukes (emeritus/Swartkop). Ons innige simpatie gaan aan ds Barnard en hul familie.
- **Mev Elsie de Beer** (82), moeder van ds Stephen de Beer (Noordwestelike Pretoria), is Maandag 23 Augustus oorlede weens hartversaking. Ons innige simpatie gaan aan ds De Beer en hul familie.
- **Die volgende predikante verjaar tot 3 September 2021, en word hartlik geluk gewens:**
 - Donderdag 26 Augustus: Dr C (Chris) le Roux (64) (Stellenbosch/Worcester) en ds JJ (Joseph) Steyn (39) (Klerksdorp-Oos Mōrester/Orkney)
 - Vrydag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (86) (emeritus)
 - Saterdag 28 Augustus: Ds GC (Gert) van Staden (89) (emeritus)
 - Sondag 29 Augustus: Ds J (Jan) van Immerzeel (75) (emeritus)
 - Dinsdag 31 Augustus: Ds J (Juan) de Beer (28) (Parys)
 - Woensdag 1 September: Prof PJ (Pierre) Jordaan (62) (Wonderfontein) en ds WRT (Tertius) Hindley (64) (emeritus)
 - Vrydag 3 September: Ds JM (Marthinus) van Staden (46) (Klerksdorp-Doringkruin)

Gemeentes en bediening

- **Die Sinodale Dienssentrum is steeds gesluit. Alle personelede werk van die huis af en kan op hul selfone of via 012 322 8885 bereik word.**
- Gemeentes het reeds e-posse ontvang met inligting oor in watter maand hul **boeke ingestuur** moet word **vir oudit**. Ons versoek vriendelik dog dringend dat die boeke wat geskeduleer is vir die verskillende maande **tot en met Augustus 2021**, nou ingestuur moet word. Die gemeentes wie se **eksterne oudits** afgehandel is, moet asseblief ook hul **finansiële state instuur** of e-pos na ria@nhk.co.za sodat dit so gou moontlik op die stelsel ingevoer kan word.
- Op inisiatief van mnr Nándor Sarkady, die NHKA se argivaris, het die skoonmaker by die SP Engelbrecht-museum, **Ezekiel Manokore**, en die kurator, **ds C Johann de Bruin**, op 18 Augustus ou afvalpapier (finansiële state, kwitansies en duplikate van korrespondensie uit die Argief wat na 'n retensietyd vir vernietiging in aanmerking kom – altesaam 100 kg) geneem na en verkoop by 'n herwinningsplek in Pretoria se industriële gebied. R60 is ten bate van die Museum ontvang. Daarna het ds De Bruin en Ezekiel saam 'n spanbou-ontbyt by De Vreugd Koffiehuis in Mayville geniet. Zeck is baie trots op sy werk by die SP Engelbrecht-museum en sê die Voortrekkermonument is vir hom wonderlik mooi!
- **Vakante werkrumte vir die samewerkende kerke in Harare.** Die NHKA en die NGK in Harare funksioneer sedert 2019 as een gemeente. Dit is 'n tipies stedelike gemeente en bestaan hoofsaaklik uit ouer persone. Daar is ook lidmate wat buite die stedelike gebied woon. Die **vastetermynpos vir drie jaar** kan met wedersydse instemming verleng word. Aansoeke word ingewag van 'n **tweetalige predikant** wat gelegitimeer is in die Hervormde Kerk of die NG Kerk (eredienste word om die beurt in Afrikaans en Engels gelei). Aangesien die skoolopleiding in Zimbabwe geweldig duur is, moet predikante verkieslik nie skoolgaande afhanklikes hê nie.

Die **vergoedingspakket** beloop 'n leefbare inkomste in Zimbabwe, plus gratis verblyf in 'n gemeubeleerde pastorie (insluitende sekuriteit, telefoon, data, water, ligte en 'n bediende) en gratis gebruik van 'n gemeentervoertuig.



Ds C Johann de Bruin en Ezekiel Manokore

Aansoek moet vergesel wees van 'n verkorte CV met vermelding van die kontakbesonderhede van twee referente, en moet gestuur word na njssteenekamp@gmail.com. Vir meer inligting, kontak die konsulent van die Hervormde Kerk, ds Nicolaas Steenekamp, by 073 279 3315 (RSA); of NHKA oudl Rinus Grau by +263 71 261 1536; of NGK oudl Deon Theron by +263 77 224 6233.

Vergaderings

- Donderdag 26 Augustus: Pensioenvergaderings
- Vrydag 27 Augustus: Raad van Finansies
- Woensdag 1 September: Kinderhuise Dagbestuur

Kerklike publikasies

- In die **2021 Winter-uitgawe van Vroueflitse** sluit die NHSV die reeks artikels gemik op geestesgesondheid af. **Ds Janine Bevol-Manders** se artikel *Depressie en medikasie* toon die belangrikheid van medikasie én terapie vir depressieers. Die artikel *Wat kan jy prakties doen om depressie te verlig?* bevat waardevolle, praktiese raad vir die verligting van depressie. *Depressie en die pad vorentoe* wys hoe elkeen met die regte ingesteldheid en positiewe denkwyses 'n groot verskil kan maak in die herstelproses van depressie. Volg die skakel <https://nhsv.org.za/publikasies/>



Bybelse Dagboek / Almanak 2021
Nou net R100 (versending uitgesluit)

Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag

Bestel by sentik@nhk.co.za

- Enige lidmaat wat beplan om **van Suid-Afrika na die ring van Dorsland** te reis (gemeentes Gobabis, Otjiwarongo, Grootfontein, Outjo, Windhoek, Tsumeb, Namibkus of Namib-Suid), kan gerus met **mev Sarie Roux** van die Boekwinkel in verbinding tree by boekwinkel@nhk.co.za. Ons ondervind tans uitvoerprobleme, en sy wil graag boeke na die gemeentes saamstuur.

Toerusting

- **Gereformeerde Teologiese Werkgemeenskap (GTW): Konferensie 27 en 28 September 2021**, aanlyn en by Miles Sharpstraat 24b, Rynfield, Benoni. Die doel van die konferensie is om vanuit die Gereformeerde Teologie saam te besin oor die tema: *Die morele hernuwing van die Suid-Afrikaanse samelewing na 'n dekade van staatskaping*. Hulle wil graag persone vanuit die NHKA ook in die gesprek betrek. Sprekers sluit in prof Theo Venter en prof Koos Vorster van die Noordwes-Universiteit, en prof Henk Bakke van die Vrije Universiteit in Nederland. Besoek die webblad <https://rts2021.wordpress.com/> vir meer besonderhede. Die GTW is 'n vereniging wat vanuit die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en wat ook betrokke is by die vaktydskrif *In die Skriflig / In Luce Verbi*, en is 'n vereniging sonder enige winsmotief. Navrae: Ds Pieter Kurpershoek, 013 243 3364 / 083 641 6466 / pwk@axxess.co.za.

Heilige veerkragtigheid – hoop vir 'n getraumatiseerde gemeenskap VTT/VTK 2021

- Gevorderde opleiding in die *Community Resiliency Model* (CRM)
- Aanbieders: Sorika de Swardt en span
- Aanbieding (Zoom of fisies) sal bevestig word

Voldag
27-30 September 2021
Koste
R1 000

Kontak dr André Ungerer by 082 940 8201 of andre.ungerer@up.ac.za om inskrywing te bevestig

'n Gedig

Te snel die vlug

O vlugtige lewe, ek gryp na jou,
en wil jou vasvang met my woord,
dat jy vir altyd klink in my
en sing tot aan die slotakkoord.

Maar jy's soos dou, soos sneeukristalle,
soos mis wat sleep oor môrelande;
wanneer ek gryp, dan smelt jy weg,
en staan ek weer met leë hande.

Jy's soos die weerklank in die berge,
soos wind en silwer waterkringe –
te snel, te snel, o woord, o hart,
die vlug van alle skone dinge.

WEG Louw

(Uit: *Bybels en Babels*, 1956)

Barmhartigheid

- **Loslitdag Vrydag 3 September 2021.** Ondersteun asseblief hierdie fondsinsamelingsprojek! Die projek word aangebied deur die Nasionale Raad van en vir Persone met Gestremdhede (NCPD). Die afgelope 26 jaar is R400 miljoen deur hulle ingesamel. Plakkers kan van die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) bestel word by toibo@imagnet.co.za. Vir elke plakker van R20 kan TOIBO 45% hou, en die balans word oorbetal aan die NCPD. TOIBO lewer die afgelope 74 jaar saam met die stigterslede (die drie Afrikaanse susterkerke) 'n onontbeerlike diens aan die vyf Instituut-skole.
- **Sondag 5 September is Nasionale Biddag vir Dowes.** Ondersteun asseblief die spesiale deurkollekte vir TOIBO op dié dag.
- Die NHSV Hoofbestuur herinner takke aan die **vrywillige uitbetalings** wat gewoonlik gedurende Augustus gedoen word. Die **riglyn vir die Augustus-uitbetalings** is dat 'n tak moet probeer om 33% van haar inkomste, nadat die Mei-uitbetalings afgetrek is, aan die Hoofbestuur oor te betaal. Die ander 67% kan volgens eie diskresie aan u gemeente en gemeenskappe se barmhartigheidswerk bestee word. Onthou asseblief dat oorbetalings aan plaaslike instansies soos tehuise van bejaardes direk aan die instansies oorbetal moet word vanuit u tak – u stuur dus 'n aparte betaling direk aan hulle. Indien u tak weens omstandighede ook nog nie Mei se betalings gedoen het nie en u in staat is om dit wel te doen, kan u dit oorweeg om dit ook nou te doen, indien moontlik. **Bankdeposito's of elektroniese oorbetalings** kan gedoen word. E-pos asseblief die betaalstaat en 'n afskrif van die elektroniese oorbetalings na finansies@nhsv.org.za.



Rata
MAATSKAPLIKE DIENSTE

- **Maatskaplike Hulpwerkers vir Rata Lydenburg en Kempton Park.** Rata Maatskaplike Dienste het **twee vakante poste** vir Maatskaplike Hulpwerkers in hul kantore in Lydenburg en Kempton Park. Geniet jy nuwe uitdagings, is jy passievol oor jou beroep en kan jy goed met mense werk? Kyk na die kriteria hieronder en besluit of Rata die plek is vir jou.

Rata Maatskaplike Dienste is 'n geregistreerde NWO en 'n Kinderbeskermingsorganisasie met 'n Christelike etos, en hul hooffokus is die beskerming, deur statutêre ingryping, van kinders teen alle vorme van geweld. Rata bied ook gemeenskapsontwikkelingsprogramme aan in weerlose en behoeftige gemeenskappe. Die organisasie het 15 kantore in vier provinsies.

Kriteria

- 'n Toepaslike kwalifikasie in Maatskaplike Hulpwerk.
- Geregistreer by die SACSSP.
- Geldige kode 08-bestuurslisensie en bestuurservaring (persone met 'n leerlinglisensie sal nie oorweeg word nie en 'n bestuurstoets is verpligtend).
- Tweetaligheid. Om dienste te lewer aan die spesifieke gemeenskappe waar Rata werksaam is, is dit noodsaaklik dat aansoekers Afrikaans én Engels magtig moet wees (dit sal deur toetsing bepaal word).
- Rekenaar- en administratiewe vaardigheid sal as aanbeveling dien.

Om aansoek te doen

Voltooi asseblief die aansoekvorm by www.rata.org.za/careers. **Die sperdatum is 31 Augustus 2021.** Aansoeke wat nie aan die minimumvereistes voldoen nie, sal nie oorweeg word nie. Kandidate op die kortlys sal telefonies gekontak word. Indien jy geen terugvoer ontvang teen 10 September 2021 nie, aanvaar asseblief dat jou aansoek onsuksesvol was.



- **Rata Maatskaplike Dienste se Drive for a Child-gholfdag** wat geskeduleer was vir 24 Augustus 2021, is weens Covid met al sy beperkinge uitgestel tot **26 Oktober 2021**. Hierdie gholfdag vind steeds by Silver Lakes-gholfbaan in Pretoria plaas. Die fondse wat ingesamel word, is ten bate van elke kind wat tans deur Rata ondersteun en gehelp word.
Koste: R4 400 (Vierbal) – gholfkarretjies, halfweghuisete, aandete, *goodie bags* ingesluit
Putjieborg: R2 500
Vierbal met putjieborg ingesluit: R5 500
Navrae: Charmaine Fourie charmaine@rata.org.za / 071 684 7796

- **Athalia Uitrek in Bloemfontein**

Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes

Enkel- en deerkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer

Verblyf met 3 etes ingesluit

Verblyf sonder versorging R1 700 per maand

24-uur-versorging onderhandelbaar

(maksimum R8 000 per maand deerkamer)

Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089

navrae@athalia.co.za

www.athalia.co.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het 'n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
Een enkelwoning te koop teen R510 000
Een eenslaapkamerwoning te koop teen R515 000
Een 1½-slaapkamerwoning te koop teen R520 000
Een tweeslaapkamerwoning te koop teen R560 000
Een tweeslaapkamerwoning te huur teen R6 500 per maand
Navrae: Beulah du Plessis by 082 847 9544
Seniordalpta@gmail.com



Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word 'n affiliaal van Nguni Gifts**
Verdien 2- tot 7%-kommissie
Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
Stuur 'n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
larry@nguni-gifts.co.za
WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrieff geplaas word. (Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Vir die oggendsimfonie dank ek U

Geloof sy God vir die voorreg
wat ek het om wakker te word
van die gefluit en gekweel
van duiwe en bokmakeries.
Ek dank U dat ek elke oggend
mag ervaar hoe die skepping
sorgeloos sing;
dat ek die simfonie van lofprijsing
mag hoor oor die klankversterkers
van die oggendstilte.
O, Here, aanvaar ook die vals
en swak getjirp
wat hierdie skepsel vanoggend
in aanbidding maak.

Maretha Maartens

(Uit: *'n Jaar van gebed*, 1993)

